

CHRISTENSKAP

in die werkplek

—deur David Malherbe

BEPLANNING: 'n Sleutel tot sukses

My ondervinding is dat mense wat weet wat hulle graag wil bereik, 'n veel groter kans op sukses staan. Dit gaan nie oor ambisie nie, maar doelgerigheid. Lewe jy doelgerig?

Het jy al ooit besin oor waarheen jy werklik met jou lewe, jou loopbaan, jou besigheid op pad is? Aan die ander kant, sal jy eendag wanneer jy tagtig word, kan terugkyk en sê: "Dit was goed"?

Beplan jou lewe

In 'Business God's Way' noem Howard Dayton dat van die ongeveer honderd mense wie se lewens ons enduit in die Bybel kan volg, net sowat 'n derde se lewens goed geëindig het. Baie het goed begin, maar het later ontspoor. Dink maar aan Saul en Salomo.

Om op tagtig te kan sê: "Dit was goed," gebeur nie vanselfsprekend nie. Dit

verg beplanning. Mense redeneer dikwels dat jy nie jou lewe kan beplan nie, want Spreuke 16:9 sê: "n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop." Tog glo ek dat visie en doelgerigheid grootliks bydra tot 'n meer betekenisvolle lewe, solank dit in ooreenstemming met God se plan is.

Net God ken die toekoms. Hy sê: "Ek is

God...wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie..." (Jes 46:9,10).

Begin met die einddoel in gedagte

Om met die einddoel in gedagte te begin, beteken dat ons 'n duidelike prentjie (visie) sal hê van wat ons graag wil bereik. Volgens

Om met die einddoel in gedagte te begin, beteken dat ons 'n duidelike prentjie (visie) sal hê van wat ons graag wil bereik, en dit verg sorgvuldige beplanning.

Steven Covey in 'The Seven Habits of Highly Effective People' word alles twee keer geskep. Die eerste skepping is die beplanning (byvoorbeeld bouplanning vir 'n huis) en die tweede skepping behels die uitvoering volgens daardie plan (die bou van die huis).

Dit geld ook vir jou loopbaan. Het



jou werkgewer al ooit loopbaanbeplanning met jou gedoen? Indien nie, het jy al jou eie beplanning gedoen vir wat jy graag wil bereik of doen?

Dieselfde geld vir 'n sakebedryf. 'n Suksesvolle onderneming verg deeglike beplanning; jy moet duidelik uiteensit wat jy beoog om te bereik. Baie misluktings in besigheid kan aan gebrekkige beplanning toegeskryf word, byvoorbeeld onderkapitalisering, 'n verkeerde interpretasie van die mark, of dalk die afwesigheid van 'n sakeplan.

Staan 'n groter kans op sukses

Maar bowenal geld beplanning ook vir ons persoonlike lewe en huwelik. Ons beplan ons troudag en wittebrood in die fynste besonderhede, maar is daar enige plan vir ons lewe saam as 'n egpaar? As jy nie beplan wat jy met jou lewe wil doen of bereik nie, sal jy uiteindelik ander mense se plan vir jou lewe uitleef. Hou egter in gedagte dat ander se beplanning in die eerste plek gaan oor wat hulle eie belange die beste sal dien.

My ondervinding is dat mense wat weet wat hulle graag wil bereik, 'n veel groter kans op sukses staan. Dit gaan nie oor ambisie nie, maar doelgerigheid. Die ondernemings wat die beste presteer, is gewoonlik ook dié waar deeglike beplanning en dokumentasie vooropgestel word.

Lukas 14:28 – 30: "Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken,

om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? Anders ...sal hulle sê: 'Hier is 'n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie.'"

Paulus as voorbeeld

As ons na Paulus se lewe kyk, sien ons dat hy voortdurend aan gemeentes geskryf het dat hy beplan om hulle te besoek, al het hy nie by almal uitgekom nie. Tog was dit binne die raamwerk van God se plan vir sy lewe.

Ná sy bekering was God se woord aan Paulus (deur Ananias) o.a. "... Ek het hom gekies as My werktuig om My Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings ..." (Hand 9:15).

Paulus het God se plan vir sy lewe verstaan en dit het sy visie en die rigting vir sy lewe bepaal. Hy kon aan die einde van sy lewe sê: "Ek het die wenstreep bereik ..." 2 Timoteus 4:7

Later in Handeling 13:46-48 sê Paulus vir die Jode: "...omdat julle dit (die Evangelie van Jesus) verwerp...gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie, want so lui die Here se opdrag..."

Paulus het God se plan vir sy lewe verstaan en dit het sy visie en die rigting vir sy lewe bepaal. In Romeine 15:20 sê Paulus: "Ek het my eer daarin gestel om die evangelie te verkondig waar die mense nog nie van Christus gehoor het nie..." en in Galasiërs 2:8,9: "Dieselfde God wat van Petrus 'n apostel vir die Jode gemaak het, het van my 'n apostel vir die nie-Jode gemaak...Ons

het ooreengekom dat hulle die Evangelie aan die Jode sou verkondig, en ons aan die nie-Jode."

In 1 Korintiërs 9:26 sê Paulus: "Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie..." en in Handeling 26:19 doen hy verantwoording van sy loopbaan sedert sy bekering: "Van toe af, koning Agrippa, was ek nie aan die gesig uit die hemel ongehoorsaam nie."

Het hy 'n visie, 'n doel gehad wat hy wou bereik? Ja, dit was ook God se visie vir sy lewe. Het hy planne beraam vir wat hy wou bereik? Ja, sy briewe aan gemeentes is vol daarvan. Het alles uitgewerk soos hy beplan het? Nee. Sou hy meer bereik het as hy niks beplan het

nie en maar net gewag het om te sien wat gaan gebeur? Ek glo beslis nie so nie.

Het sy beplanning meegehelp dat hy aan die einde van sy lewe kon sê: "Dit was goed?" Ek glo so. Paulus self sê: "Ek het die goeie wedloop afgeleë; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou." (2 Tim 4:7). ■

DAVID MALHERBE is 'n besigheids- en loopbaankonsultant, spreker, en skrywer. Kontak hom by info@jedidiah.org.za of besoek www.jedidiah.org.za

